

# OOR DIE HOND SE RUG!

## HONDEBAADJIE MET KABELPATROON

**BENODIGDHEDE:** Ongeveer 170 g Fiesta Kwik-Knit; breinaalde van 5 mm of dikte wat regte spanning oplewer; kabelnaald.

**MATE:** Breedte oor skof 20 cm, ruglengte 35,5 cm.

**SPANNING:** 4 steke en 6 rye oor koussteek = 2,5 x 2,5 cm.

**AFKORTINGS:** st(e) - steek(steke); r - brei regs; aw - brei aweregs; gl - glip; beg - begin; vermeer - vermeerder; vermin - verminder; herh - herhaal; rs - reksteek (alle rye regs); pat - patroon; RK - regte kant; VK - verkeerde kant; vlg - volgende.

**AGTERPANT:** Stel 32 ste op, r 4 rye vir rs-rand. Brei voort in pat.

**1e ry:** RK, r 4, plaas merker in werk, r 2, aw 2, (r 4, aw 2) 3 keer, r 2, plaas nog 'n merker, r 4.

**2e ry:** r 4, verskuif merker, aw 2, r 2, (aw 4, r 2) 3 keer, aw 2, verskuif merker, r 4. (L.W.: verskuif merkers in elke ry).

**Vlg ry:** r 4, r 2, aw 2; gl vlg 2 ste op kabelnaald en hou aan voorkant van werk, r vlg 2

ste, r ste vanaf kabelnaald (kabel-pat begin hier), aw 2, r 4, aw 2, kabel, aw 2, r 2, r 4.

**Vlg 7 rye:** Herhaal 1e en 2e ry afwisselend. Brei op dié wyse voort en draai die kabel elke 8e ry tot 10 cm vanaf begin.

**Vlg ry:** Vermeer 1 st na 1e merker en voor laaste merker. Behou 4 ste aan albei kante in rs en vermeer ste in ks-deel, r aan RK en aw aan VK, en oorbl ste in pat; herh vermeer elke 2e ry, nog 8 keer — 50 ste.

Brei reguit voort tot werk 25 cm lank is, eindig aan VK.

**Mousgatvorming:** r 4, vermin 1 st, brei tot laaste 6 ste, vermin 1 st, r 4.

**Vlg ry:** Brei sonder vermin.

Herh laaste 2 rye nog 8 keer — 32 ste.

Brei tot werk 35,5 cm lank is en eindig aan VK. Plaas ste op reserwenaald.

**VOORPANT:** Stel 23 ste op. Brei r 1-, aw 1-rif vir 20 cm. Stel 3 ste op aan einde van vlg 2 rye.

Voeg by ste van agterpant en brei heen en weer in r 1-, aw 1-rif vir 7,5 cm. Heg af in rif.

**AFWERKING:** Werk agterpant en voorpant toe vanaf laaste vermeer tot eerste vermin. Werk kraagnaat aan regte kant toe, draai kraag dan om en pars werk liggies.

## GESTREEPTE HONDEBAADJIE

**BENODIGDHEDE:** Fiesta Kwik-Knit, 340 g hoofkleur (H), ongeveer 115 g elk in 2 kontraskleure, A en B; hekelpen van 5 mm, of grootte om regte spanning te verkry; 1 drukkertjie.

**MATE:** Breedte oor skof ongeveer 28 cm; ruglengte 35,5 cm.

**SPANNING:** 6 kortbene en 7 rye = 5 x 5 cm.

**AFKORTINGS:** ks - kettingsteek; kb - kortbeen; st(e) - steek(steke); beg - begin; vermeer - vermeerder; vermin - verminder.

**AGTERPANT: Beginry:** Hekel 19 ks.

**1e ry:** 1 kb in 2e ks vanaf pen en in elke vlg ks — 18 kb — 1 ks vir draai-ks in elke ry.

**2e ry:** 1 kb in elke kb, vermeer 1 kb aan elke syrand — 20 kb.

**Vlg ry:** 1 kb in elke kb, vermeer aan albei kante in elke ry tot daar 30 ste is.

Hekel reguit voort tot werk 35,5 cm lank is.

**Skouervorming:** Hekel elke skouer afsonderlik, hekel oor 11 kb, 1 ks, draai.



# Baadjies met kabels of met strepe — hou jou troeteldier warm

**Vlg ry:** Vermin 1 st aan beg van ry (halsrand) kb tot einde.

Hou aan met 1 st op halsrand vermin tot daar 5 ste oor is.

Knip gare af en hekel 2e skouer op dieselfde wyse, met alle vormings omgekeerd.

**VOORPANT: Beginry:** 56 ks. Hekel 3 rye kb. Knip gare af.

Hekel slegs oor middelste 33 ste, vermin 1 st weerskante in elke ry tot 7 ste oorbly.

Hekel reguit voort vir 11 rye. Vermin dan weer 1 st weerskante in elke ry tot 3 ste oorbly. Knip gare af en heg af.

**AFWERKING:** Hekel 1 ry kb rondom agterpant, 2 kb in elke hoek. Met A, hekel 1 ry gs rondom baadjie.

Knip gare af en hekel op dieselfde wyse met A rondom voorpant. Hekel nou die sierstrepe op agterpant.

Beg met middelste streep, steek hekelpen steeds tussen 2 rye in en gs oor lengte van pant.

Laat steeds 5 kb tussen 2 strepe toe, d.w.s. strepe loop oorlangs oor agterpant met stroke van 5 kb tussenin. Daar moet altesaam 5 strepe wees. Werk punt van voorpant aan skouers van agterpant vas. Werk drukkertjie aan eindpunte vas om op middel van rug te sluit.

## EFFEKLEURIGE HONDEBAADJIE

**BENODIGDHEDE:** Fiesta Kwik-Knit, ongeveer 230 g hoofkleur (H), en 115 g kontraskleur (K); hekelpen van 5 mm; 1 drukkertjie.

**MATE:** Breedte oor skof 29 cm, ruglengte ongeveer 35,5 cm.

**SPANNING:** 6 kb en 3 rye = 5 x 5 cm.

**AFKORTINGS:** ks - kettingsteek; kb - kortbeen; st(e) - steek(steke); vermeer - vermeerder; vermin - verminder; beg - begin.

**AGTERPANT:** Beg met 25 ks.

**1e ry:** Hekel gekruiste kb soos volg: 1 kb in 5e ks vanaf pen, 1 kb in 4e ks, \* slaan vlg ks oor, kb in vlg ks, kb dan in oorgeslaande ks, herh vanaf \* tot einde — 22 kb. 3 ks om te draai.

**Vlg ry:** Vermeer 1 st aan beg van ry (om te vermeer: hekel 1 kb in 3e ks vanaf hekelpen), \* slaan vlg kb oor, kb in vlg kb, kb in oorgeslaande ks, herh van \* tot einde, maar vermeer 1 kb aan einde van ry (om te vermeer, hekel 1 kb oor draai-ks).

**L.W.** Sorg dat die gekruiste kb van die rye presies bo mekaar lê). Hekel voort met vermeer aan weerskante van elke ry tot daar 34 kb is. Hekel dan reguit voort tot werk 35,5 cm lank is, of verlangde lengte.



**Skouervorming: 1e ry:** hekel oor 10 ste, draai sonder 3 ks.

**2e ry:** gs oor 2 ste, hekel gekruiste kb tot einde, 3 ks, draai.

**3e ry:** Hekel oor 6 ste. Knip gare af. Die 2e skouer word op dieselfde wyse gehekel, alle vormings omgekeerd.

Vermin 3 ste aan weerskante in die vlg 2 rye — 10 ste.

Hekel 10 rye reguit. (Indien die baadjie langer as 35,5 cm moet wees, moet hier net soveel ekstra rye gehekel word as wat aan agterpant bygevoeg is.)

Vermin 3 ste aan weerskante in vlg ry, knip gare af en heg af.

**VOORPANT:** Met H, hekel 65 ks. hekel 1 kb in 4e ks vanaf hekelpen, en in elke ks tot einde — 62 kb.

Knip gare af. Hekel gekruiste kb oor middelste 34 ste, vermin 2 ste aan weerskante in elke ry tot 22 ste oorbly. (Om aan beg van ry te vermin moet gs oor die aantal ste wat vermin moet word, gehekel word).

**AFWERKING:** Met H, hekel kb rondom voor- en agterpant, hekel 3 kb in elke hoek. Knip H af, heg K vas. Hekel 1 rondte kb rondom, dan 1 rondte gs. Knip K af. Werk punt van voorpant aan agterkant van skouer vas, werk drukkertjie aan 2 ander punte van voorpant vas om op hond se rug te kan vasmaak.

